Vanaand is die 50ste Sakegesprek Uitsending

Vanaand is die 50ste uitsending van die *Sakegesprek met Theo Vorster* program op kykNET. Oor die afgelope 50 episodes het ek die voorreg gehad om met van Suid-Afrika se voorste sakeleiers te kon gesels – ek is elke keer beïndruk met die kwaliteit entrepreneurs en professionele sakebestuurders in Suid-Afrika. Vanaand is my gas Sumari Krige, 'n dame wat haar eie besigheid (La Grange Interiors) 18 jaar gelede begin het en steeds daaraan glo dat mense nooit moet ophou om hul drome uit te leef nie. Ons beplan om hierdie reeks af te sluit met Stephan Welz en dan ook, onder andere, met Stephan te gesels oor kuns as 'n belegging en sy raad aan mense wat graag 'n kunsversameling wil begin.

Hierdie is die lys van gaste met wie ons oor die afgelope 2 jaar gesels het – onthou dat hierdie onderhoude, so paar weke nadat dit uitgesaai is, op die sakegesprek webbladsy (www.sakegesprek.co.za) onder die OPNAMES skakel gelaai word.

Laurie Dippenaar	Dr Johan van Zyl(Sanlam)	Dr Christo Wiese	Fred Robertson
Russel Loubser	Andries van Heerden	Charl Senekal	Koos Bekker
Brand Pretorius	Hubert Brody	Dr Chris van der Merwe	Michael Jordaan
Bernard Swanepoel	Louis van der Watt	Peter Scott	Tommie van Zyl
Mardia van der Walt-Korsten	Altmann Allers	Dr André Fourie	Donald Masson
Dr Johan van Zyl(Toyota)	Elmien Scholtz	Beyers Truter	Edward Kieswetter
Jannie Mouton	Louis Fourie	Braam van Huyssteen	Nick Wentzel
Chris Venter	Thys du Toit	Herman Mashaba	Brian Coppin
Louis von Zeuner	Pieter de Waal	Jan Nelson	Jacques Naude
Dr Edwin Hertzog	Nicolaas Kruger	Adriaan Scheeres	Jannie Moolman
Nick Vlok	Johann Vorster	Santie Botha	Erik Venter
Whitey Basson	Ina Paarman	Hendrik du Toit	Francois Strydom

Ek is dan ook baie trots op my kollega, Warren Ingram, wat gistermiddag die Media-toekenning ontvang het by die Finansiële Beplanningsinstituut (FPI) se jaarlikse konferensie. Warren, 'n stigtingsdirekteur van Galileo Capital, is aan die hoof van Galileo Capital se Finansiële Beplanning en Welvaartbestuur. Dit is die tweede toekenning wat Warren van die FPI ontvang - hy is in 2011 aangewys as die Finansiële Beplanner van die Jaar. Sover ek weet is Warren die enigste persoon wat beide toekennings verwerf het. Hierdie toekenning gee erkenning aan 'n lid van die FPI wat aktief betrokke is by en 'n beduidende bydrae gelewer het in die media (gedrukte media, uitsaaiwese of aanlyn) om finansiële beplanning te bevorder onder verbruikers. Hierdie is die toppunt van agt jaar se baie harde werk in die media en sluit in maandelikse artikels in Sunday Times, Moneyweb, Finweek en vele ander ad hoc artikels vir ander publikasies. In aansluiting hierby, verskyn hy op TV vir die SABC, eTV, Summit en CNBC Africa. Hy is 'n gereelde gas op 702 Radio en Cape Talk in Bruce Whitfield se Money Show en is boonop dikwels 'n gas op SAfm, Classic FM, Lotus and Kaya FM. Galileo Capital se mediapogings bly daarop gemik om objektiewe inligting aan die publiek te verskaf wat betref geldsake en beleggings. Deur die jare het Warren voortdurend gefokus op:

- Verminder of elimineer die koste van jou beleggings
- Fokus op Indeksbeleggings om die kern van jou beleggingsportefeulje uit te maak
- Voed jouself op betreffende finansiële sake en moet nie produkverskaffers se brosjures sonder meer vertrou nie
- Maak altyd gebruik van CFP® geakkrediteerde persone wanneer u van 'n finansiële beplanner se dienste gebruik maak

Ek sien uit na die bekendstelling van Warren se boek, "***Become your own Financial Advisor***", vroeg in Julie.

Die boek "***Sakegesprek met Theo Vorster – sleutels tot sukses van ons top sakelui***" is nou beskikbaar by toonaangewende boekhandelaars en ook in elektroniese formaat by onder andere Amazon, Nook, Kobo en Kalahari.

Ons het 'n funksie geskep op die Sakegesprek webbladsy waardeur die boek bestel kan word deur na www.sakegesprek.co.za te gaan en dan die "boek" skakel te volg.

In die Sakegespek boek poog ek om vir lesers 'n blik te gee op elkeen van die 38 sakeleiers met wie ek die afgelope 2 jaar gesels het en om elkeen se eie suksesverhaal in sy / haar eie woorde weer te gee. Ek gee my eie opmerkings en opinies rondom die onderhoude en probeer om kernbeginsels uit te lig waaroor die sakeleiers sterk voel - onder andere oor sakeleierskap, sukses en gesonde bestuursbeginsels.

Ek hoop lesers geniet die boek net soveel soos ek dit geniet het om met die sakeleiers onderhoude te voer en die boek saam te stel.

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter @sakegesprek.

> ***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.***

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

Volg ons op TWITTER

Volg ons op twitter @sakegesprek vir program opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om 'n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.
Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.